# Stellenberg-gemeente se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings
# Augustus 2019

Lidmate het die behoefte uitgespreek vir 'n dokument waarin Stellenberg-gemeente se siening rakende selfdegeslagverhoudings verduidelik word en wat as basis in gesprekvoering kan dien. Die volgende dokument is met die oog op die onlangse kerkraadsvergadering voorberei.

***Inleiding***

Gereformeerdes bely dat die Hoof van die kerk 'n opgestane, lewende Here Jesus Christus is, die Een wat ons deur sy lewende Woord en sy Heilige Gees lei. Die uitdaging waarvoor ons te staan kom is om dit in die praktyk werkbaar te maak want die onomstootlike realiteit is dat toegewyde gelowiges – aan beide kante van die spektrum van sensitiewe sake wat ons diepste geloofsoortuigings raak – opreg poog om deur hierdie Woord gelei te word en deur die Gees te leef.

Dit mag help as ons ons daaraan herinner dat hierdie egter geen nuwe uitdaging in die 21ste eeu is nie, maar dat dit in Paulus se tyd al vir hom nodig was om leiding te bied oor ingewikkelde sake soos die onderhouding van die Sabbatdag, die besnydenis en die eet van onrein kos.

Hoe hanteer die kerk – ons as gelowiges wat ons eenheid in Christus moet uitleef teenoor mekaar en die wêreld – sy verskille oor ernstige vraagstukke?

"Uiteraard is dit baie moeilik, vir alle kante van hierdie konflikte en vir gelowiges met alle moontlike oortuigings. Baie van hulle is immers oortuig dat húlle die Bybel reg hoor en verstaan, en dat die ánder die Bybel se duidelike boodskap wil ontduik, ignoreer, wegpraat of kragteloos maak deur redenasie en rasionalisasie. Juis omdat gelowiges dink dat dit gaan om die gesag van die Bybel, om die waarheid van die evangelie, die integriteit en geloofwaardigheid van die kerk self, is die konflikte meermale so intens en so emosioneel."

*(Neem, lees – prof. Dirkie Smit)*

Ons beskou Stellenberg as 'n geloofsgemeenskap, 'n besondere vergestalting van 'n familie of kinders, met een Vader. Ons eenheid in Christus dring ons om na mekaar te luister en saam sy

Woord en Gees se leiding te soek. Daarom moet ons mekaar se opregte soeke na die wil van die Here (deur sy Woord en sy Gees) aanvaar en mekaar se bona fides respekteer.

Die realiteit is dat daar verskillende interpretasies oor selfdegeslagverhoudings bestaan en dat dit waarskynlik altyd met ons sal wees. 1 Kor. 13:9 herinner ons daaraan dat ons as feilbare mense en sondaars God se wil maar gedeeltelik ken en verstaan. Ons doen dus 'n beroep op lidmate om, soos Romeine 14 ons herinner, nie ander te oordeel nie. In ons benadering tot hierdie saak moet ons met volgehoue geloofsonderskeidenheid na mekaar se standpunte bly luister en nie te vinnig wees om mekaar van ongehoorsaamheid aan die Bybel te beskuldig nie.

Aan die een kant is 'n groep gelowiges opreg in hulle oortuiging van die Bybel se boodskap dat daar bepaalde teksverse is waarin die Bybel hom teen homoseksuele dade uitspreek. Ander gelowiges is net so opreg oortuig van die totaliteit van die evangelie van Jesus Christus, wat insluiting, omhelsing en liefde behels en verkondig.

Dit is problematies as ons teksverse in isolasie beskou en wil staan, of val by ons begrip van voorskrifte vanuit die Bybelse tyd – dink maar aan egskeiding en hertrou, waaroor ons vandag anders dink, sowel as die voorskrifte dat vrouens hulle nie mag aanmatig nie en nie in die gemeente hulle sê mag sê nie. Ons denke daaroor lyk lankal anders as in Bybelse tye.

Geld die gesag van die Bybel dan nog? Ongetwyfeld, ja. Ons hou vas aan die hele openbaring van God deur sy Woord, aan die totale samehang van die Bybelse boodskap van God se wil vir ons lewe voor Hom en met mekaar.

Wat en Wie ons saambind, die lewende Here van die kerk, is groter as enige verskille wat ons mag verdeel. Gal. 5:6 herinner daaraan dat dit wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan. Dit is deel van die getuienis wat ons teenoor die wêreld behoort uit te leef.

***Uitgangspunte van ons standpunt***

Stellenberg se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings is gegrond op die volgende uitgangspunte:

**1. Die kernbeginsels van ons Gereformeerde tradisie: Slegs deur geloof, genade, die Skrif en Christus.**

Binne ons Gereformeerde geloofstradisie staan bogenoemde vier beginsels nie los van mekaar nie, maar vorm as geheel 'n eenheid waarbinne ons God se wil vir die hede beoordeel.

Alhoewel die Bybel in sewe tekste na die begrip homoseksualiteit verwys (Gen. 19:5; Rig. 19:22; Lev. 18:22; Lev. 20:13; Rom. 1:24–27; 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10), is daar nie eenstemmigheid oor presies hoe dit vandag op mense in selfdegeslagverhoudinge toegepas kan of moet word nie. Hierdie tekste word verskillend deur teoloë, wat aan beide kante van die spektrum van die debat staan, geïnterpreteer. Hóé ons die Skrif verstaan en vertolk, is die essensie van hierdie saak. Daar is immers ook verskeie ander tekste waarin geloof, God se genade en Christus se versoening die kern vorm en wat terselfdertyd in ag geneem moet word.

Die besef waartoe Paulus ons in 2 Korintiërs 5:14-21 bring, handel oor die wyse waarop ons identiteit in Christus dus ons beoordeling van andere bepaal en die rol wat geloof daarin speel.
“Die liefde van Christus dwing ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is. Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie” (2 Kor. 5:14-16)
“Ons is immers daarvan oortuig dat ’n mens **regverdig verklaar word deur die geloof, en nie deur werke van gehoorsaamheid aan die wet nie.**” (Rom. 3:28, Direkte Vertaling).

Ons lees dus nie individuele Bybelse wette afsonderlik van mekaar nie en is gedurig bewus daarvan dat ons status in Christus as “deur geloof geregverdig”, meer fundamenteel is as geslagoriëntasie. Ons identiteit is dus nie afhanklink van ons seksualiteit nie, maar eerder ons geloof in Christus en die keuse om as gelowiges op ’n verantwoordelike wyse en met ’n opofferende liefde getrou te lewe.

Stellenberg bely die gelykwaardigheid van alle mense en verbind ons aan dié menswaardigheid wat ons deur geloof in Christus deel. Ons wil selfs verder gaan en onsself verbind aan Paulus se visie in 2 Korintiërs 5:
“Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons ’n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!” (2 Kor. 5:19-20)

Ons is oortuig daarvan dat alhoewel ons standpunte oor hoe ons die Bybel lees en verstaan van mekaar verskil, dit nie ons gesamentlike identiteit in Christus ophef en ons gemeenskap met mekaar mag verbreek nie.

## 2. Die mediese wetenskap

Ons berip wat spruit uit God se algemene openbaring, soos dit wetenskaplik bestudeer word, is nie los te make, of apart van ons insig in God se besondere openbaring in Christus nie. Net soos wat ons ag slaan op mediese inligting en insig wat ons eie gesondheid raak, neem ons ook kennis van navorsing en insig rakende die spektrum van seksuele oriëntasie binne die studie van psigiatrie. Mediese navorsing oor homoseksualiteit en alternatiewe seksuele oriëntasies is ’n onderwerp van voortgaande ondersoek, met verskillende opinies wat oor ’n breë spektrum sterk. Ons is egter van opinie (soos Evangeliese en Protestantse kerke in die wêreld al dekades lank) dat daar sedert die 1990’s betroubare mediese navorsing gedoen is wat die tradisionele sienings van seksualiteit in ’n ander perspektief stel en homoseksualiteit nie langer as “abnormale gedrag” klassifiseer nie. Seksuele en geslagoriëntasie, asook geslagpermutasies, blyk baie meer kompleks te wees as ons tradisionele beoordeling daarvan.

## 3. Die lewensverhale van gelowiges wat ons liefhet en vertrou

Wanneer ons waag om mekaar in die oë te kyk, glo ons dat God ons deur sy Gees tot besondere insig lei. Christelike gesprekke oor selfdegeslagverhoudings is baie lank net gevoer deur na die stem van heteroseksuele gelowiges, wat vanuit ’n teologiese en etiese perspektief beoordeel, te luister. Vir etlike jare is óór gay-mense in ons gemeenskappe gepraat sonder om te besef dat ons juis ook mét hulle moet praat. In gesprekke met gay-lidmate in Stellenberg, asook met ouers of familie van gay-lidmate, blyk hulle eie stryd en worsteling en die behoefte om soos enige ander lidmaat in die voorregte van die kerk te mag deel, duidelik. In ons eie beoordeling en denke is dit dus dwingend noodsaaklik om na mekaar te luister, aangesien ons liefde vir God uiteindelik prakties gestalte vind in ons liefde vir mekaar en nie daarteenoor staan nie.

“Ubi caritas et amor, ubi caritas, Deus ibi est”. Waar daar liefde en deernis is, daar is God die Heer. Mag dit waar wees van ons hantering van persone aan albei kante van die spektrum van hierdie – en enige ander – kontensieuse saak.

**Die besluit van die kerkraad (2015) rakende selfdegeslagverhoudings.**

1. Stellenberg gemeente herbevestig die besluite van die Kerkraad in 2002 en erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2. Stellenberg gemeente verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

3. Stellenberg herbevestig die Algemene Sinode se besluit oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs verbintenisse van een man en vrou as ’n huwelik beskou word.
   *Sien nota onderstaande.

4. Stellenberg gemeente gee erkenning aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening daarvoor dat hierdie verbintenisse deur ’n predikant wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

5. Deur die besluit wil die kerkraad nie lidmate uitsluit wat van hierdie standpunt verskil nie. Die kerkraad is oortuig dat – te midde van ons verskille – ons as gemeenskap van gelowiges, vanuit die bron van God se liefde, getrou aan mekaar en God verbind kan bly.

***Nota tot punt 3:**

Tydens ’n kerkraadsvergadering van 28 Augustus 2019 is die volgende besluit:

Die kerkraad het weer besin oor punt 3 rakende Stellenberg se standpunt oor selfdegeslagverhoudings. Dit blyk dat die gemeente se huidige besluit wat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou, verwarring skep, veral vir gay-lidmate en die ouers van gay-kinders. Hierdie saak benodig verdere besinning en ook gesprekvoering in die groter kerkverband. Baie wysheid is hiervoor nodig, juis om die inklusiwiteit van uiteenlopende menings te akkommodeer.